*Afrikaans volg op die Engels*

# FACULTY OF ECONOMIC AND MANAGEMENT SCIENCES

## 2025 Intake Selection Process[1]

***After the application period closed, the applicant pool was assessed in relation to the available spaces in the programmes. This document has been adjusted in September 2024 to reflect the specific selection criteria which was implemented for 2025 applicants.***

The University Council sets annual targets for the total number of students at Stellenbosch University. The faculties then manage the selection of prospective undergraduate students to reach these targets and to ensure that the total number of enrolments falls within the available capacity. This implies that there may be students who meet the minimum admission requirements for a given programme but are not selected.

### 1. National Senior Certificate and qualifications of other exam boards

The rest of the document refers to the National Senior Certificate (NSC) results. However, this selection process is also applicable to students who have completed an international curriculum (such as Cambridge, International Baccalaureate Higher Level and American High School Diploma). The Stellenbosch University International Office converts the results of international and other curricula to the South African National Senior Certificate equivalent and the Faculty uses the converted marks in admission and selection processes. Marks obtained for the school-leaving certificate of the Independent Examination Board (IEB) are treated identically to marks obtained for the National Senior Certificate. IEB marks may therefore be used instead of NSC marks.

### 2. Selection for programmes that include studies in Law

The Faculty of Law selects students for BAccLLB and BCom (Law), therefore the selection for these programmes is not discussed in this document. For more information, please consult the website of the Faculty of Law at https://blogs.sun.ac.za/law.

[1] The current online version of this document replaces all previous versions and is effective for the 2025-intake only.

## 3. Minimum admission criteria for undergraduate programmes

The following are the minimum admission requirements for the undergraduate programmes offered by the Faculty of Economic and Management Sciences, but meeting these requirements does not guarantee an offer to applicants:

| Programme(s) | Minimum Admission Requirements |
|---|---|
| BCom (Management Sciences)<br>BCom (Economic Sciences)<br>BCom (Industrial Psychology)<br>BCom (Financial Accounting)<br>BCom (Management Accounting) | NSC average 65%<br>Mathematics 60%<br>Minimum EMS language admission requirements* |
| BCom (Mathematical Sciences) | NSC average 70%<br>Mathematics 75%<br>Minimum EMS language admission requirements* |
| BAcc | NSC average 70%<br>Mathematics 70% (if Mathematics is lower than 70% but higher than 60%, then also Accounting 70%)<br>Minimum EMS language admission requirements* |
| BDatSci | NSC average 80%<br>Mathematics 80%<br>Home Language 60% (if English is not the home language, then English First Additional Language 75%) |
| BCom (International Business) | NSC average 80%<br>Mathematics 70%<br>English Home Language 70% or English First Additional Language 80%<br>Any Additional Language 70% |
| BCom (Actuarial Science) | NSC average 80%<br>Mathematics 80%<br>Home Language 60% (if English is not the home language, then English First Additional Language 75%) |
| BCom (Management Sciences) Extended Curriculum Programme | NSC average 60%<br>Mathematics 50%<br>Minimum EMS language admission requirements* |

Note: See NSC average calculation in the Yearbook, Part 10.

*Minimum EMS language admission requirements:

- English Home Language 50% or
- Afrikaans Home Language 50% or
- English First Additional Language 60% or
- Afrikaans First Additional Language 60%.

## 4. Selection of applicants who apply with their Grade 11 marks

Applicants who apply with their Grade 11 results will receive a **conditional offer, meaning that they will be offered a place in 2025 provided if** they adhere to the minimum admission requirements of the relevant programme and meet **the selection criteria again with their Grade 12 final results**:

| Programme(s) | Selection criteria for immediate conditional offers for 2025 applicants |
| --- | --- |
| BCom (Management Sciences)<br>BCom (Economic Sciences)<br>BCom (Industrial Psychology)<br>BCom (Financial Accounting)<br>BCom (Management Accounting | Grade 11 results:<br>NSC average ~~75%~~ 70%<br>Mathematics ~~70%~~ 65%<br><br>The applicant will receive a final offer if their Grade 12 final results also meet the adjusted selection criteria. |
| BAcc | Grade 11 results:<br>NSC average ~~75%~~ 70%<br>Mathematics ~~75%~~ 70% (or if Mathematics is ~~70% – 74%~~ 60% - 69%, then Accounting must be 70%)<br><br>The applicant will receive a final offer if their Grade 12 final results also meet the adjusted selection criteria. |
| BCom (Actuarial Science) | Grade 11 results:<br>NSC average 85%<br>Mathematics 80%<br><br>The applicant will receive a final offer if their Grade 12 final results also meet the selection criteria. |

| Programme(s) | Selection criteria for immediate conditional offers for 2025 applicants: |
|---|---|
| BCom (International Business) | Grade 11 results:<br>NSC average ~~85%~~ 84%<br>Mathematics 75%<br><br>The applicant will receive a final offer if their Grade 12 final results also meet the adjusted selection criteria. |
| BCom (Mathematical Sciences) | Grade 11 results:<br>NSC average ~~75%~~ 70%<br>Mathematics ~~80%~~ 75%<br><br>The applicant will receive a final offer I their Grade 12 final results also meet the adjusted selection criteria. |
| BDatSci | No additional selection criteria.<br><br>If applicants meet the minimum admission requirements with their Grade 11 marks, they will receive a conditional offer. If their Grade 12 final results also meet the minimum admission requirements, they will receive a final offer. |
| BCom (Management Sciences) Extended Curriculum Programme (ECP) | Socio-economic status (SES)[2] of 2 or more. Applicants who meet the minimum admission requirements of a mainstream programme but are not selected, can be considered for the ECP programme if they have a SES of 2 or more. |

Applicants who adhere to the minimum admission requirements of the programme with their Grade 11 results, but do not meet the required selected average(s) and Mathematics mark will be added to the waiting list ("waitlist status" on SUNStudent). Based on the places available in the programme, waitlisted applicants may receive a conditional offer later in the year once applications have been closed and reviewed as the selection process progresses from September to November. If you receive an unsuccessful outcome on your application, it indicates that the final decision has been made by the faculty. Unfortunately, this means that you did not meet the selection criteria and will not automatically be considered further for the specific program(s) to which you applied.

[2] Socio-economic status (SES) is a reflection of the socio-economic disadvantages an applicant has had to overcome. The SES-factor is determined through the information provided during the application process and considers three indicators: educational disadvantage, economic disadvantage and first-generation student status.

## 5. Selection of applicants who apply with their Grade 12 marks

Students who apply with Grade 12 marks must also meet the selection criteria applied to applicants who apply with their Grade 11 marks (see point 4). However, a **final offer** will be issued (not a conditional offer) on the same basis as that of Grade 11 learners (as described above).

### 5.1. Transferring applicants

All applicants who are transferring from another faculty or another university to the Faculty of Economic and Management Sciences will be waitlisted until their final results and record of conduct are available. The selection criteria as mentioned in point 4 will also be applied to these applicants. **In addition**, the following will be considered:

5.1.1. An applicant should submit a good record of conduct from the previous institution.

5.1.2. If an applicant has been academically excluded at another institution or at another faculty of Stellenbosch University, the applicant should apply via the readmission process.

5.1.3. The applicant should have passed at least 60% of the credits he/she had been registered for previously.

## 6. Frequently asked questions

### 6.1. May I accept a conditional offer for one programme, but later change to another programme?

Applicants who receive **final** offers from the Faculty of Economic and Management Sciences and want to change their programmes, may do so if they adhere to the selection criteria of the programmes they want to change to. Note that BCom (Actuarial Science), BCom (International Business) and BCom (Management Sciences) Extended Curriculum Programme have limited spaces available. Once these spaces have been filled, no more applicants can be admitted. (You have to complete the reconsideration form to be considered.)

### 6.2. My final Grade 12 results do not meet the minimum admission requirements of the programme for which I have accepted a conditional offer. May I change to another programme in the Faculty with “lower” minimum admission requirements?

Applicants who have accepted conditional offers from the Faculty of Economic and Management Sciences may apply for reconsideration for other programmes offered by the Faculty. (You can request the link for the reconsideration form after the NSC results are published in January.) However, admission is subject to the available spaces.

If you have any further questions, please contact the Faculty’s Student Affairs Officer by e-mailing emsinfo@sun.ac.za.

Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

# FAKULTEIT EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE

## Keuringsproses vir die 2025-inname[3]

***Nadat die aansoektydperk gesluit het, is die aansoekerpoel geassesseer in verhouding tot die beskikbare plekke in die programme. Hierdie dokument is opdatteer in September 2024 om die spesifieke keuringskriteria wat geimplementeer is vir die 2025 aansoekers te reflekteer.***

Die Universiteitsraad stel jaarliks teikens vir die algehele studentetal aan die Universiteit Stellenbosch. Die fakulteite bestuur dan die keuring van voornemende voorgraadse studente om dié teikens te bereik en seker te maak dat die totale getal inskrywings nie die beskikbare kapasiteit oorskry nie. Dit impliseer dat daar studente kan wees wat aan die minimum toelatingsvereistes van 'n sekere program voldoen, maar nie gekeur word nie.

### 1. Nasionale Senior Sertifikaat en kwalifikasies van ander eksamineringsrade

Die res van die dokument verwys na uitslae van die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS). Hierdie keuringsproses is egter ook van toepassing op studente wat 'n internasionale kurrikulum (soos *Cambridge, International Baccalaureate Higher Level* en *American High School Diploma*) voltooi het. Die Internasionale Kantoor van die Universiteit Stellenbosch skakel die uitslae van internasionale en ander kurrikula om tot die ekwivalent van die Suid-Afrikaanse Nasionale Senior Sertifikaat en die Fakulteit gebruik die verwerkte punte in toelatings- en keuringsprosesse. Punte behaal vir die skooleindsertifikaat van die Onafhanklike Eksamineringsraad (IEB) is gelykstaande aan punte behaal vir die Nasionale Senior Sertifikaat. IEB-punte kan dus in plaas van NSS-punte gebruik word.

### 2. Keuring vir programme wat studie in Regsgeleerdheid insluit

Die Fakulteit Regsgeleerdheid keur studente vir BRekLLB en BCom (Regsgeleerdheid); daarom word dit nie in hierdie dokument bespreek nie. Vir verdere inligting, besoek asb. die webtuiste van die Fakulteit Regsgeleerdheid by https://blogs.sun.ac.za/law.

[3] Die huidige aanlyn weergawe van hierdie dokument vervang alle vorige weergawes en is net van toepassing op die 2025-inname.

## 3. Minimum toelatingsvereistes vir voorgraadse programme

Die volgende is die minimum toelatingsvereistes vir die voorgraadse programme wat deur die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe aangebied word, maar om aan hierdie vereistes te voldoen, waarborg nie 'n aanbod aan die aansoeker nie:

| Program(me) | Minimum Toelatingsvereistes |
|---|---|
| BCom (Bestuurswetenskappe)<br>BCom (Ekonomiese Wetenskappe)<br>BCom (Bedryfsielkunde)<br>BCom (Finansiële Rekeningkunde)<br>BCom (Bestuursrekeningkunde) | NSS-gemiddelde van 65%<br>Wiskunde 60%<br>Minimum EBW-taaltoelatingsvereistes* |
| BCom (Wiskundige Wetenskappe) | NSS-gemiddelde van 70%<br>Wiskunde 75%<br>Minimum EBW-taaltoelatingsvereistes* |
| BRek | NSS-gemiddelde van 70%<br>Wiskunde 70% (indien Wiskunde laer as 70% maar hoër as 60% is, dan ook Rekeningkunde 70%)<br>Minimum EBW-taaltoelatingsvereistes* |
| BDatSci | NSS-gemiddelde van 80%<br>Wiskunde 80%<br>Huistaal 60% (indien Engels nie die huistaal is nie, dan Engels Eerste Addisionele Taal 75%) |
| BCom (Internasionale Besigheid) | NSS-gemiddelde van 80%<br>Wiskunde 70%<br>Engels Huistaal 70% of Engels Eerste Addisionele Taal 80%<br>Enige addisionele taal 70% |
| BCom (Aktuariële Wetenskap) | NSS-gemiddelde van 80%<br>Wiskunde 80%<br>Huistaal 60% (indien Engels nie die huistaal is nie, dan Engels Eerste Addisionele Taal 75%) |
| BCom (Bestuurswetenskappe)<br>Verlengdekurrikulumprogram | NSS-gemiddelde van 60%<br>Wiskunde 50%<br>Minimum EBW-taaltoelatingsvereistes* |

Nota: Verwys na die berekening van die NSS-gemiddelde in die Jaarboek, Deel 10.

*Minimum EBW-taaltoelatingsvereistes:

- Engels Huistaal 50% of
- Afrikaans Huistaal 50% of
- Engels Eerste Addisionele Taal 60% of
- Afrikaans Eerste Addisionele Taal 60%.

## 4. Keuring van aansoekers wat met hul Graad 11-punte aansoek doen

Aansoekers wat met hul Graad 11-uitslae aansoek doen, sal 'n **voorwaardelike aanbod ontvang. Dit beteken dat hulle 'n plek in 2025 aangebied sal word op voorwaarde** dat hulle aan die minimum toelatingsvereistes van die betrokke program voldoen en dat hul **finale Graad 12-uitslae weer aan die toelatingsvereistes sal voldoen**:

| Program(me) | Keuringsvereistes vir onmiddellike voorwaardelike aanbiedinge vir 2025 aansoekers |
|---|---|
| BCom (Bestuurswetenskappe)<br>BCom (Ekonomiese Wetenskappe)<br>BCom (Bedryfsielkunde)<br>BCom (Finansiële Rekeningkunde)<br>BCom (Bestuursrekeningkunde) | Graad 11-uitslae:<br>NSS-gemiddelde van ~~75%~~ 70%<br>Wiskunde ~~70%~~ 65%<br><br>Aansoekers sal 'n finale aanbod ontvang indien hul finale Graad 12-uitslae steeds aan die aangepaste keuringsvereistes voldoen. |
| BRek | Graad 11-uitslae:<br>NSS-gemiddelde van ~~75%~~ 70%<br>Wiskunde ~~75%~~ 70% (of, indien Wiskunde ~~70% – 74%~~ 60% - 69% is, moet Rekeningkunde 70% wees)<br><br>Aansoekers sal 'n finale aanbod ontvang indien hul finale Graad 12-uitslae steeds aan die aangepaste keuringsvereistes voldoen. |
| BCom (Aktuariële Wetenskap) | Graad 11-uitslae:<br>NSS-gemiddelde van 85%<br>Wiskunde 80%<br><br>Aansoekers sal 'n finale aanbod ontvang indien hul finale Graad 12-uitslae steeds aan die keuringsvereistes voldoen. |
| BCom (Internasionale Besigheid) | Graad 11-uitslae:<br>NSS-gemiddelde van ~~85%~~ 84%<br>Wiskunde 75%<br><br>Aansoekers sal 'n finale aanbod ontvang indien hul finale Graad 12-uitslae steeds aan die aangepaste keuringsvereistes voldoen. |

| Program(me) | Keuringsvereistes vir onmiddellike voorwaardelike aanbiedinge vir 2025 aansoekers |
|---|---|
| BCom (Wiskundige Wetenskappe) | Graad 11-uitslae:<br>NSS-gemiddelde van ~~75%~~ 70%<br>Wiskunde ~~80%~~ 75%<br>Aansoekers sal 'n finale aanbod ontvang indien hul finale Graad 12-uitslae steeds aan die aangepaste keuringsvereistes voldoen. |
| BDatSci | Geen bykomende keuringsvereistes nie.<br><br>Indien aansoekers se Graad 11-punte aan die minimum toelatingsvereistes voldoen, sal hulle 'n voorwaardelike aanbod ontvang. Indien hul finale Graad 12-uitslae steeds aan die minimum toelatingsvereistes voldoen, sal hulle 'n finale aanbod ontvang. |
| BCom (Bestuurswetenskappe) Verlengdekurrikulumprogram (VKP) | Sosio-ekonomiese status (SES)[4] van 2 of meer.<br>Aansoekers wat aan die minimum toelatingsvereistes van 'n hoofstroom-program voldoen maar nie gekeur word nie, kan vir die VKP-program oorweeg word as hulle 'n SES van 2 of meer het. |

Aansoekers wie se Graad 11-uitslae aan die minimum toelatingsvereistes van 'n program voldoen, maar nie aan die vereiste keuringsgemiddelde(s) en Wiskundepunte nie, sal op die waglys geplaas word ("waglys-status" op SUNStudent). Afhangende van die beskikbare plekke in die program, kan aansoekers op die waglys later in die jaar – nadat aansoeke gesluit en oorweeg is na gelang van die vordering van die keuringsproses van September tot November – 'n voorwaardelike aanbod ontvang. Indien jy 'n onsuksesvolle uitkoms op jou aansoek ontvang, dui dit aan dat die finale besluit deur die fakulteit geneem is. Ongelukkig beteken dit dat jy nie aan die keuringskriteria voldoen het nie en nie outomaties verder oorweeg sal word vir die spesifieke program(me) waarvoor jy aansoek gedoen het nie.

## 5. Keuring van aansoekers wat met hul Graad 12-punte aansoek doen

Studente wat met hul Graad 12-punte aansoek doen, moet ook aan die keuringsvereistes voldoen wat op aansoekers van toepassing is wat met hul Graad 11-punte aansoek doen

[4] Sosio-ekonomiese status (SES) weerspieël die sosio-ekonomiese agterstande wat 'n aansoeker die hoof moes bied. Die SES-faktor word deur die inligting bepaal wat gedurende die aansoekproses verskaf word en neem drie aanwysers in ag: opvoedkundige benadeling, ekonomiese agterstande en eerstegenerasie-studentestatus.

(verwys na punt 4). 'n **Finale aanbod** sal egter uitgereik word (nie 'n voorwaardelike aanbod nie) op dieselfde grondslag as dié van Graad 11-leerders (soos hierbo beskryf).

### 5.1. Aansoekers wat oorskakel

Alle aansoekers wat van 'n ander fakulteit of universiteit na die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe wil oorskakel, sal op 'n waglys geplaas word totdat hul finale uitslae en gedragsrekords beskikbaar is. Die keuringsvereistes wat in punt 4 genoem is, sal ook op hierdie aansoekers van toepassing wees. **Daarbenewens** sal die volgende in aanmerking geneem word:

5.1.1. Aansoekers moet 'n rekord van goeie gedrag van die vorige instansie indien.

5.1.2. Indien 'n aansoeker akademies uitgesluit is by 'n ander instansie of by 'n ander fakulteit van die Universiteit Stellenbosch, moet die aansoeker deur middel van die hertoelatingsproses aansoek doen.

5.1.3. Aansoekers moes minstens 60% van die krediete geslaag het waarvoor hulle voorheen geregistreer was.

## 6. Vrae wat dikwels gevra word

### 6.1. Kan ek 'n voorwaardelike aanbod vir een program aanvaar, maar later van program verander?

Aansoekers wat **finale** aanbiedinge van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe ontvang het en van program wil verander, kan dit doen indien hulle aan die keuringsvereistes voldoen van die programme waarheen hul wil verander. Let daarop dat BCom (Aktuariële Wetenskap), BCom (Internasionale Besigheid) en BCom (Bestuurswetenskappe) Verlengdekurrikulumprogram beperkte plekke beskikbaar het. Sodra hierdie plekke gevul is, kan geen aansoekers toegelaat word nie. (Jy moet die vorm vir heroorweging voltooi om oorweeg te word.)

### 6.2. My Graad 12-eindeksamenuitslae voldoen nie aan die minimum toelatingsvereistes van die program waarvoor ek 'n voorwaardelike aanbod aanvaar het nie. Kan ek na 'n ander program in die Fakuteit verander met "laer" minimum toelatingsvereistes?

Aansoekers wat voorwaardelike aanbiedinge van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe aanvaar het, kan aansoek doen vir heroorweging vir ander programme wat deur die Fakulteit aangebied word. (Jy kan die skakel na die heroorwegingsvorm aanvra nadat die NSS-uitslae in Januarie gepubliseer is.) Toelating is egter onderhewig aan die beskikbaarheid van plekke.

Indien jy enige verdere vrae het, kontak asb. die Fakulteit se Studentesakebeampte by e-pos emsinfo@sun.ac.za.